Jy Moet Weer Gebore Word

. . . hier gepraat, almal wat 'n lekker tyd het, en ek wat dit geniet, en dan so-iets sê. [Broer Joseph Mattsson-Boze gee instruksies vir die diens—Red.]

2 Ek het gedink vanmôre, toe ek in die pad afgekom het, ek was laat vir die ontbyt, en so, ons bly omtrent, om-en-by tien myl buite in die platteland, ek het net gedink aan hoeveel keer ek laat was. Julle weet, ek was selfs laat vir my troue, hulle het gewag en gewag vir my. Nou, as ek net kan laat wees vir my begrafnis! [Broer Boze sê: "Jy is toe darem getroud."—Red.] Ek—ek het getrou, ja.

3 Wel, dis so goed om hier te wees, en ek—ek wil net graag hierdie vraag vra voor . . . net—net 'n kort tydjie hier, net om hierdie gemeenskap te hê . . . My bediening was so 'n stamp en stoot van plek tot plek, daar's niemand wat weet watter—watter ontberings dit vir my veroorsaak nie. En om nie te keer om mense te ontmoet, en hulle hande te skud . . . En soos ek gisteraand gesê het, 'n dame het my onder na haar huis toe genooi om middagete te eet. Goeiste, ek sou my voorstel ek sou 'n bietjie lekker ou growwe mieliepap gekry het, en wat dit in die suide sou wees, julle weet. Maar hoe gaan jy dit doen? Sien, jy—jy kan net nie.

4 So ek het net gedink vanmôre dat—dat dit so 'n wonderlike tyd hier was, en ek was . . . Gisteraand het ek genoem van gebed vir die siekes. En Billy kom af in die—in die middag, en, soos hy gewoonlik maak en kuier by die jongmense, en—en almal, en skud hulle hande, en hy kom terug, en het gesê: "Pappa, daar's baie mense daar om voor gebid te word."

5 Nou, ek, die rede waarom ek nie vir die mense gebid het nie, is soos in die diens, ek het so pas Dallas verlaat, julle het almal van Dallas gepraat, en konvensies soos hierdie, wel, meestal probeer ek net preek, julle sien, want dit gee my 'n kans om te rus van daardie visioene, en visioene is wat my afbreek.

6 En, maar ek het nog twee dienste hierna, en dan gaan ek 'n goeie lang rus neem, ek moet dit net kry. Ek's net, voel myself . . . En ek was nou die dag in Dallas om vyf van ons broers te sien van die veld af kom met senuwee-ineenstortings, Raymond Richey en—en Broer Grant. En ek het met hom gepraat en daar gestaan en homself vasgehou en gehuil, en—en 'n ander kêrel wat sit met sy hande uitgesteek soos *hierdie*, en hy het geskree van senuwee-ineenstortings, en te lank aan te gaan. En, julle weet, ons is nie gemaak van saagsels nie, ons is nog altyd mense, julle weet. En so, en ek het van Desember af, nog nie opgehou nie, so ek—ek moet net 'n bietjie rus kry.

7 En ek sal bly wees om die dienste te voltooi. Ek reken julle almal raak moeg van my wat op julle skree soos ek het, in elk geval. Ek het gedink ek behoort een aand te hê om dit soort van reg te maak met die susters, die manier waarop ek van hulle gepraat het. Maar, julle weet, ek het dit nie vir julle bedoel nie, sien, julle susters nie, ek het dit bedoel vir hulle wat julle naboots, sien.

8 Wel, hier's een ding: ek glo die Here het gesê dat Hy 'n vrou gemaak het, man oor die vrou moes heers, solank 'n man julle dit laat doen, hulle dit laat doen, wel dan, is dit die man se fout, is dit nie? Dis reg. Hulle is veronderstel om hulle heerser te gehoorsaam.

9 Maar dit laat my baie snaaks voel om die kerk net in die toestand te sien waarin dit is. Ek—ek bedoel nie om onbeskof te wees nie, julle weet dit. Maar wanneer ek 'n kans kry om dit regtig neer te lê in konvensies waar predikers en almal rondsit, sal hulle dit ook begin neerlê, julle sien, so dan wil ons—ons—ons dit nie doen nie, moet net 'n bietjie sielkunde daarmee saam gebruik, julle weet, die predikers aan die gang kry. En as ons net teruggaan na die ou kaplyn, soos ons vaders altyd die reëls neergelê het: "*Dit* is so." Sien? En hulle het daarby gebly, sien. So, ons het dit nou nodig.

10 Satan, is so 'n—'n—'n geslepe vyand, hy beweeg net in so . . . Sonde is so, wat sou ek sê? Dis so listig, kru, julle weet, dis net, dis geslepe, net soort van subt- . . . Dis die woord: subtiel. Net so subtiel dat dit net so maklik inbeweeg, julle weet, dit lyk net so onskuldig, voor jy jou kom kry, is dit net soos 'n spinnekop met 'n spinnerak, het jou, daar gaan jy.

11 Ek—ek dink aan een ding: dis die einde van die pad. Wat, miskien, nie te ver is vir my, ek's nie meer 'n seun nie. En ek moet daaraan dink om dan al die mense weer te ontmoet.

12 My vriend het my eenkeer vertel, hulle het 'n—'n prys gegee. Ek wil hê hierdie moet baie diep afgaan vir elkeen van ons. In Vancouver, Brits-Columbië, het hulle 'n prys gegee vir 'n seun wat 'n fiets kon ry . . . twaalf duim breed, vir 'n honderd treë, sou hulle hom 'n nuwe Schwinn-fiets gee. En al die seuns, hulle het gedink hulle was goeie ryers, hulle sou dorp toe gaan vir hulle mamma, en 'n mandjie kruideniersware kry, en dit onder hulle arm sit, en terugry, en nooit eers aan die handvatsels raak nie. So elkeen het geweet hy gaan hierdie kompetisie wen.

13 Hulle het 'n ou verwyfde seuntjie daar gehad, wat net, julle weet, soos 'n mamma se seun, en nie een van hulle het veel van hom gehou nie. So hulle—hulle het almal op hulle—hulle tyd gekom, soos hulle nommers geroep is, het hulle op hierdie plank gegaan om te ry, en elkeen het afgeval, maar klein, verwyfde seuntjie het dit tot reg aan die einde gery, nooit geslinger nie.

En so het al die seuns hom omring, en gesê: "Hoe het jy dit gedoen?"

14 Hy het gesê: "Ek sê julle kêrels, hier is waar dit was," gesê: "ek het dopgehou wat julle almal gedoen het, en ek het julle fout gesien." Sien? "Julle het afgekyk soos *hierdie*, dit op die plank probeer hou, ek het net die einde dopgehou en regop gebly." Daar het julle dit, sien, sien, dis die idee, nie wat net *hier* is nie, maar die einde en stabiel bly, te kyk na die Here Jesus.

Nou laat ons net 'n oomblik bid.

15 Here, hou ons gedagtes op U, laat ons kyk na die einde waar ons dan vir Jesus sal sien. En hier in hierdie konvensie, Here, nou hierdie groep gawe broers en susters is hier vergader om ontbyt en gemeenskap te hê. Hoe weet ons dat ons volgende ontmoetingstyd nie by 'n ontbyt sal wees nie, maar by 'n Bruilofsmaal sal wees, waar ons vir altyd die vreugdes van die Here sal deel?

16 Seën hierdie mans, Here, wat vir jare gepreek het, wat hier sit vanmôre grys-kop en krom-skouer. O God, U alleen weet wat hulle opgeoffer en deurgegaan het. En, Vader, ek bid met my hele hart, as ek genade in U oë gevind het, seën hierdie broers en gee hulle nog groot bedienings, Here, want ons het elkeen van hulle nodig in al hulle eienaardigheid, en hulle bediening, tog gaan dit alles om U groot Liggaam van heiliges en gelowiges te vorm.

17 En terwyl ek staan, Here, as hulle broer en medeburger van dieselfde Koninkryk, help ons vanmôre om 'n paar woorde te sê wat ons sal aanmoedig om vorentoe te beweeg. In Jesus' Naam, vra ons dit. Amen.

18 Ek wonder net, voor ek met julle praat oor 'n onderwerpie, hoeveel sou dink dat die Heilige Gees meer tevrede sou wees as ek vanaand begin genesingsdienste hou? Ek het nie tyd om te vra nie, en ons—ons moet 'n paar gebedskaartjies uitdeel, want daar's te veel mense daar net om te sê: "Laat *hierdie* klomp hiernatoe kom, en *hierdie* een hiernatoe." Ons sal moet gebedskaartjies uitdeel. Sou julle dink dit sou 'n goeie ding wees om die volgende twee aande van genesingsdiens te hou? Sodat ek die algemene idee kan kry. Laat ons sien die . . . Wel, dankie. Dis alles reg. Nou, ons sal dit dan doen.

19 Wanneer is jou middagdiens, meneer? Twee-uur. Wel, ek sê jou, ek sal vir Leo stuur . . . Waar is hy? Ek reken hy, Leo en Gene daaronder, Billy, of paar van hulle vanmiddag met gebedskaartjies, het vir elkeen gegee wat 'n gebedskaartjie wil hê. Ek sal my onderwerpe verander vanaand, en—en vir die siekes bid.

20 En die volgende konvensie wil ek preek oor: *Die Arend Wek Haar Nes Op*. Ek het dit vir die laaste twee of drie probeer en dit gemis. Goed. Nou, ek geniet net die Woord, en julle? Geniet net die Woord.

21 So vanmôre toe ek opgespring, en ek gesê het: "O, vrou . . ." En die kindertjies het 'n paar myl buite in die platteland gebly, en hulle het net met hulle ontbyt gewag totdat ek kan terugkom na hulle toe om hulle ontbyt te eet. En ek het die kleintjies saam met my, en, o, ek het so 'n wonderlike tyd met daardie kindertjies, en alles. En ek kom nie te veel by hulle uit nie. En wanneer ek huis toe gaan in die aandtyd rol ons rond op die vloer tot middernag, Joseph wil op my rug ry, en Becky wil hê ek moet vir haar 'n storie vertel van iets, julle weet hoe dit gaan, en so, het ons egter 'n wonderlike tyd.

22 En ons het nie gisteraand ingekom voor, in die bed tot amper eenuur nie. En toe Joseph, dink ek, het toe die helfte van die nag bo-oor my nek geslaap, en so, ons het ons kinders lief. En hulle . . . Ons neem hulle, ek het hulle vir ontbyt geneem, en hulle sou laat slaap terwyl ek afgekom het om hierdie tyd van gemeenskap te hê, en 'n ontbyt wat jy nie met geld kan koop nie, ook nie, dit net oor die tafel bedien, 'n ontbyt van gemeenskap saam met die heiliges van God.

23 En geen diens is reg sonder om Sy Woord te lees nie, so ek wil net 'n gedeelte uit Johannes 3 lees en sê die 5de vers, en net met julle praat omdat my keel rou is.

> *Jesus antwoord, Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir* jou, *As iemand nie gebore word uit water en . . . Gees nie, kan hy nie die koninkryk van God nie* sien *nie.*

24 Ek wonder vanmôre, soos ons hier saam vergader is, broers en susters, julle predikers, en Sondagskoolonderwysers, en wat julle ook al is: Wat beteken dit alles? Waarom is ons hier, en wat is die groot stryd? En elke aand het ek dit probeer sê: Lyk of baiekeer organisasies probeer veroordeel, en *hierdie* probeer veroordeel, en *daardie* veroordeel. ek's 'n ekstremis, dis waar, en partymaal gaan ek so ver aan die een kant waar ek die ander oorbalanseer, maar ek bedoel nie om dit te doen nie. Ek probeer dit sê: dat al ons goeie organisasies, en ons goeie mans en goeie vroue, tog, wanneer ons in Sy Teenwoordigheid kom, is ek bevrees dat ons kan kortkom, en ons wil dan nie so wees nie, laat ons—laat ons dit nou kry.

25 Soos 'n ou gekleurde man, nie lank gelede nie, vir my gesing het in 'n konvensie, of, diens, en hy het *so-iets* gesê, gesê: "Ek het dit lank gelede met die Here bespreek, en ek het vir Hom gesê as daar enigiets verkeerd is met my, laat ek dit net nou kry, want ek wil geen probleme by die rivier hê nie."

26 Ek het gedink: "Dis reg." Ek dink dit druk goed uit wat ek probeer sê: Laat ons dit nou bespreek sodat ons geen probleme by die rivier sal hê nie, want jy kan nie dan teruggaan nie. Sien? Laat ons meer seker wees net nou.

27 En so, toe Jesus vir hierdie groot heerser gesê het: "Jy moet weer gebore word." Waarom moet ek dan weer gebore word? Dis

wat ek wil weet. As ek 'n prediker van die Evangelie is, as ek 'n goeie persoon is, en ek betaal my skuld, en ek's regverdig, en eerlik, en opreg wandel voor mense, wat kan God nog van my verwag? Waarom moet ek een of ander soort ondervinding hê, soos mense vir my sê, dat ek weer gebore moet word? Waarom het Jesus vir hierdie heerser gesê, wat hoog en heilig gelewe het, en versoek is dat, of, nie versoek nie, maar beveel dat hy weer gebore moet word?

28 So, nie om nou 'n Calvinistiese geloof te probeer indruk nie, julle sien, ek sê nie hierdie, en weet dat ek met 'n—'n wettiese mense praat nie, dis glad nie dit nie, want ek is ook wetties, maar ek glo dit, dat Calvyn iets gehad het, en Armeniërs ook iets gehad het, en hulle het albei iets gehad, maar hulle het afgegaan aan die diep kante daarvan.

29 Die Calvinis sê: "Wel, ek's gered, en net, dit handel dit af." Sy lewe bewys dat hy nie is nie, dan is hy nie gered nie. En die wettiese sê: "Ek moet *hierdie* doen, en ek moet *hierdie* doen, en ek moet *daardie* doen." Dan, as jy nie weer gebore is nie, is jy nog steeds nie gered nie, so daar het jy dit. Sien? Dis tussen-in, in die middel van die pad, is waar ons moet bly.

30 Wat jy is, wat Calvinisme is, wat genade is, is wat God vir jou gedoen het, maar wat werke is, is wat jy vir God doen uit waardering vir wat Hy vir jou gedoen het uit genade, dis die hele antwoord. Dan as ek gered is, dan lewe ek asof ek gered is; maar ek kan lewe asof ek gered is, en nie gered wees nie. Sien? So dis die feit wat dit dan by hierdie plek bring, dat ons weer gebore moet word.

31 So die wedergebore ondervinding sê wat ons is. Dit beteken nie dat ons . . . Ek glo in uitroep en al die manifestasies en demonstrasies van die Gees, maar tog is dit nog nie dit nie. Sien? Dis iets anders as dit, dis 'n—dis 'n nuwe skepsel, iets in die hart.

32 En ek wonder of ons predikers, beide mans en vroue, of ons baiekeer nie net die woord sê: "Jy moet weer gebore word," en dit oor die kop van die mense neem soos daardie nie. Wanneer ons moet terugkom by die plek en hulle laat weet wat 'n geboorte beteken. Sien? Dit moet terugkom na iets meer as woorde, dit moet terugkom na 'n—'n fundamentele feit, en dit is hierdie groot ondervinding om weer gebore te word en wat dit vir ons voortbring. Sien?

33 Nou, daar's baiekeer wat ons begin dink dat, wel, as ons weer gebore is, en ons het bly geraak, en geskree, en in tale gepraat, of God op een of ander manier gemanifesteer, dít, dit is. Maar broers, julle weet, as predikers self, dat dít nie dit is nie. Nou, ons het mense sien spring, skree, dans, en bedrieg, steel, lieg, en alles, sien, en ons weet dit, so dis nie waarvan Hy gepraat het nie.

34 En toe Martin Luther gesê het: "Die regverdige sal deur die geloof lewe," het hy gesê: "ons het dit." En John Wesley het gekom

met iets nuuts. En—en Luther was, hy was reg sover as wat hy gesê het: "Die regverdige sal deur die geloof lewe," dis reg, hulle sal deur geloof lewe.

35 En Luther het gesê dat—dat die regverdige deur geloof sal lewe, dan moet ons dit doen, hy het gedink hy het Dit gehad, maar hy het uitgevind dat hy nie het nie; Wesley het gesê wanneer jy heilig gemaak word en skree, het jy Dit, maar hy het uitgevind baie van hulle het geskree, wat Dit nie gehad het nie; en Pinkster sê as ons in tale praat, het ons Dit, maar ons het uitgevind, baie het in tale gepraat en het Dit nie gehad nie. Dis reg. So dis iets anders as dit, broer. Dis reg.

36 Jesus het nooit gesê as hulle skree, as hulle in tale praat, as hulle *hierdie* doen nie, gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Sien? En die vrugte van die Gees is nie skree, praat in tale nie, dis eienskappe van die Heilige Gees, natuurlik, maar dit kan nageboots word, ons weet dit.

37 Ek het met baie bose geeste gewerk in my lewe, en—en toordokters, ensovoorts, en regoor die wêreld, ek het bose geeste sien skree, in tale praat, al die manifestasies sien doen, hulle allerhande tekens en wonders en alles sien doen, demone, en ontken daar was selfs 'n God. Sien? Maar jy kan nie daarvolgens gaan nie.

38 En wanneer dit kom by ons emosie. . . En ek, onthou, ek glo daarin, ek glo dat enigiemand wat 'n godsdiens van die hart het, sal skree, en opmaak. . . ?. . . Ek glo dit, maar tog, is dit nie alles daarvan nie. Soos die ou gekleurde man hieronder in die suide, besig was om waatlemoen te eet, gevra het om vir hom 'n skyf waatlemoen te gee, gesê: "Hoe was dit, jong?"

Hy het gesê: "Dit was lekker, maar is daar *nog* daarvan."

39 So, dis hoe dit met hierdie is, hierdie is goed, maar daar's nog daarvan, julle sien, ons kan net nie lewe van hierdie een skyf nie.

40 So, daar's iets anders. So, as julle broers en predikers, wat baie meer in staat is om hierdie te verduidelik. . . Nou ek kon 'n teksie hier geneem het, wat ek hier in my gedagte gehad het om oor te preek: *Lewe*. Maar toe ek gekom het, het iets my getref: "Jy is voor predikers vanmôre, jy is voor mense wat die sleutels in hulle hande hou, praat die beste wat jy kan oor dinge wat hierdie mans sal help. Solank hierdie mense gehelp kan word, sal die hele wêreld 'n hulp kry, julle gemeentes en oral, sal hulle hulp daaruit ontvang." En in elk geval, broers, ons werk vir een Plek, al ons verskille en alles, bring ons steeds siele na een Meester toe, dis God, en dis waarvoor ons hier is.

41 En nou vanmôre, wil ek aan julle sê wat ek dink, en waarom ek weer gebore moet word, ek wil dit vir julle op 'n kinderlike manier uitdruk. Laat ons 'n reisie onderneem, as julle wil, en teruggaan voor die grondlegging van die wêreld.

42 Nou, ons word geleer dat ons liggame uit die stof van die aarde kom, en mediese wetenskap sê dit, en die Bybel sê dit, so daar's een ding waaroor hulle saamstem, dat ons uit die stof van die aarde kom.

43 En hier 'n tyd gelede het ek gepraat by 'n—'n Kiwanis byeenkoms. En ek het gepraat oor 'n onderwerp van—van baie . . . dat baie mense, en wat hulle—hulle geglo het, ensovoorts, en hierdie gedagte het gekom, dat van—van waar ons liggame vandaan gekom het. En ek het die dokter gevra, ek het gesê: "Dokter, ek wil vir jou 'n vraag vra," wat teenwoordig was by die diens. "Is dit waar dat my liggaam uit die stof gekom het?"

Hy het gesê: "Wel, Eerwaarde, jy behoort dit te weet."

Ek het gesê: "Ja, maar ek wil weet *hoe* dit uit die stof gekom het."

"Wel," het hy gesê: "deur die kos wat jy eet." Gesê: "Jy eet die kos en dit verander in bloedselle."

44 "Wel," het ek gesê: "dan as dit reg is, dan hoe meer ek eet, hoe meer aarde ek in myself insit, hoe groter sou ek raak en hoe sterker sou ek word. Soos om water in te gooi . . . uit 'n beker in 'n glas, of materiaal neer te sit, hope materiaal, of sovoorts, hoe meer ek daarin gesit het, groter en sterker sou ek wees."

Gesê: "Dis korrek."

Ek het gesê: "Dan wil ek vir jou 'n vraag vra: Hoe is dit dat, toe ek sestien jaar oud was, sewentien, tot omtrent vyf-en-twintig, ek brood, vleis, aartappels, ensovoorts geëet het, soos ek nou eet, en hulle het in bloedselle verander?"

"Dis reg."

45 Ek het gesê: "Waarom is dit dat ek nou dieselfde ding eet as wat ek toe geëet het, maar toe ek hulle geëet het, toe het ek die heeltyd groter, sterker geword, en toe ek omtrent vyf-en-twintig geword het, ek eet meer daarvan, beter, ek word ouer, swakker, gaan ageruit?"

46 Waarom is dit, as ek water uit 'n beker in 'n—in 'n glas gooi, en dit word vol totdat dit omtrent halfvol is, dan hoe meer ek ingooi, hoe vinniger en vinniger daal dit? Wetenskaplik, sê my hoe dit gedoen word. Dit kan nie gedoen word nie.

47 Maar die Bybel het die antwoord: Dis 'n afspraak wat God met die menslike ras gemaak het. Jy's eers . . . Jy's hier, dan moet jy weggaan, en God kry Sy foto.

48 En ek gaan dit net mities plaas vanmôre, die oudste man en vrou hier in hierdie byeenkoms vanmôre voor my, man en vrou. En 'n paar jaar gelede was jy jong, pragtige vrou, en die man was 'n jong, aantreklike man, en miskien het jy net jou bediening begin. Moeder was mooi, en hoedat die dag wat jy haar daar na die altaar toe gelei het, en vir daardie dienskneg van God gesê

het dat jy haar geneem het om jou vrou te wees, wettig, getroude vrou, hoe gelukkig jy was. Wel, jy het dieselfde kos geëet wat jy vanmôre hier eet.

49 En jy was, net 'n paar jaar nadat jy getroud is, een oggend het jy opgestaan, en jy het gesê: "Moeder, daar's 'n plooi onder daardie mooi oë, wat kom."

Sy het gesê: "Ja, Pa, en ek het die grys hare opgelet wat in jou tempel inkom." Dis toe die eerste baba gebore is, omtrent.

50 Wat het gebeur? Die dood het ingetree. Dit het jou in baie hoeke gedruk, maar binnekort gaan dit jou in 'n hoek druk en jou daar hou, sien, want dit gaan jou neem. God het Sy foto laat neem van wat Hy jou wou hê in die hiernamaals. Nou, ek glo in opstanding. Christendom glo in opstanding, die hele ding is gebaseer op opstanding.

51 Nou, baie mense dink dat hulle afgaan soos hierdie, hulle weer een of ander soort gees sal opkom met vlerke, wat vlieg, julle sal weer mans en vroue opkom soos julle nou is. Dis hoe die . . . As hierdie Bybel van die platvorm afval op die tafel, en om 'n ander Bybel te neem en in Sy plek te sit, dis nie opstanding nie, dis vervanging. Opstanding bring dieselfde Bybel op wat afgegaan het; en opstanding bring dieselfde persoon op wat afgegaan het. En dan in die opstanding almal . . . As party . . .

52 Nou vanmôre is jy oud, en grys, en het krom skouers, en jy en moeder het baie . . . baie skete, en pyne, en dinge, wat jy nie altyd gehad het nie, en dit—dis verandering, maar onthou, julle dien steeds dieselfde God wat julle op die aarde gebring het, dan moet dit alles in God se doel wees om julle so te laat word. Maar onthou, in die opstanding sal jy nie 'n grys haar of 'n plooi hê nie, sal alles wat die dood aan julle gedoen het, vergete wees in die opstanding.

53 God, toe Hy die prentjie geskilder het, het Hy gesê: "Daar is hulle. Nou kom, dood, maar jy kan hulle nie neem totdat Ek jou dit laat doen het nie." En dan wanneer julle in die stof ingaan en weer opstaan, sal julle terugkom dieselfde pragtige paartjie wat julle daardie oggend by die altaar was, om vir altyd so te bly. So waarvoor moet ons bang wees?

54 Iemand het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Billy, wil jy vir my sê . . . ?"

55 Ek het gepreek oor Abraham, daardie Engele wat na hom toe gekom en met hom gepraat het, en ek het gesê: "Dit was God en twee Engele."

Gesê: "Wil jy vir my sê dat dit God was in 'n liggaam van vlees?"

Ek het gesê: "Was beslis." En ek het gesê: "Dit was nie 'n teofanie nie, Dit was God, Dit was 'n Man in vlees."

Hy het gesê: "Dan wil ek jou vra, hoe het Hy daardie liggaam gekry?"

56 Ek het gesê: "Wel, die groot Skepper, Wat Hemel en aarde gemaak het, en ons is gemaak uit sestien elemente, dis kalium, en petroleums, en—en kosmiese lig, en—en kalsium, ensovoorts, wel, of Hy nie daardie sestien elemente kon neem, en: '*Whew!*' hulle bymekaar kon blaas, sê: 'Kom hier, Gabriël, stap daarin,' en een maak vir Migael, en een vir Homself!" nie. Wel, Hy het beslis! En dan net binne 'n sekonde verdwyn. Dis my Vader. Maak nie saak wat met hierdie kalium en kalsium gebeur nie, Hy weet net waar dit lê.

57 Ek het voor 'n spieël gestaan nie lank gelede nie, hierdie paar hare gekam wat ek oor het. My vrou het vir my gesê, sy het gesê: "Billy, jy's amper heeltemal bleskop."

Ek het gesê: "Maar ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Sê my dan, waar hulle is."

Ek het gesê: "Ek sal jou antwoord wanneer jy my antwoord: Sê my waar hulle was voor ek hulle gekry het, Ek sal jou sê waar hulle vir my wag."

58 As hulle is, was hulle voor hulle is. Hulle moes uit die materiale van hierdie aarde kom. Dan was hulle hier voor ek hiernatoe gekom het, en hulle sal hier wees nadat ek weg is. Maar eendag sal God ons albei opwek, en ons sal saamkom as die jongman wat altyd 'n lang tyd gelede was. My Vader Wat kon sê: "Stap *hier*in, en stap *daar*in," Hy sal my siel eendag neem, en jou siel, en ons sal weer terugstap na 'n jong man en 'n jong vrou, om vir ewig te lewe.

59 Nou, God is ook nie 'n Sears en Roebuck, Harmonie Huis nie, Hy laat ons anders lyk, Hy maak alles anders. Hy maak groot berge en klein bergies, Hy maak populierbome, en Hy maak akkerbome, en Hy maak palmbome, Hy maak struike, en Hy maak groot bome, Hy maak riviere, Hy maak woestyne, Hy maak oseane, en Hy maak vlaktes. Hy maak rooi-kop, wit-kop, bruin-kop, swart-kop, klein, kort, vet, en tussen-in, julle sien, Hy maak hulle so, want dis waarvan Hy hou. Sy Eie natuur bewys wat Hy is.

60 Nou hulle praat van . . . Baie van julle mense hier van Florida, julle het 'n wonderlike plek, maar julle kyk beter na julle gras as wat ek kyk na watter hare ek oor het, sny die rante, die heeltyd, hou dit net glad, en *hierdie* en *daardie* kant toe. Nou, dit mag mooi wees vir die menslike oog, maar vir my, ek hou van die oerwoud, bo-op die berge waar sy gehard is, die manier wat God dit gemaak het, en hoe Hy daarvan hou om daarna te kyk, voor dit verdraai is.

61 Ek hou van die manier wat God dinge maak, en ek hou van die manier wat Hy mense maak. Hy het 'n . . . Hy hou van . . . Hy's

'n God van verskeidenheid, Hy maak rooi blomme, wit blomme, blou blomme, dis hoe Hy die mensdom maak. En dis hoe ons in die opstanding sal wees.

62 As jy viooltjies vat en hulle verbaster, en hulle uitlos, sal hulle teruggaan na hulle oorspronklike viooltjie. En julle weet, party van julle veeboere, julle teel 'n merrie met—met 'n muil, 'n muil kan nie weer terugteel nie, moet weer teruggaan na sy oorspronklike. Dis hoe dit sal wees in die opstanding, ons sal teruggaan na die oorspronklike, teruggaan na wat die mens was toe God hom na Sy beeld gemaak het in die tuin van Eden. Hy sal 'n man wees, sy sal 'n vrou wees. En sy sal nie Max Factor nodig hê om haar mooi te laat lyk nie, sy sal mooi wees om mee te begin. Sy . . .

63 Nou let op, hoe het dit alles gebeur? Nou, as ons uit die stof van die aarde kom, wat die Bybel sê ons het, en ook, sê die wetenskap ons kom uit die stof van die aarde, dan sekerlik, het ons liggame op hierdie aarde gelê toe hierdie nog 'n vulkaniese uitbarsting was sonder 'n sweempie lewe. As dit nie het nie, waar het dit vandaan gekom?

64 Weet julle daardie liggaam waarin julle lewe vanmôre was hier gewees, tienduisend jaar voor daar ooit een stukkie lewe op die aarde gelê het? Toe God hierdie ou missiel gehad het wat daar oorkant gehang het, dit om die son gedraai het en dit omgedraai het in *hierdie* rigting, en daarbinne kalsium, kalium, en petroleums, ensovoorts geskep het, toe het Hy in Sy groot gedagte gehad dat jy langs hierdie tafel sou sit vanmôre. O, halleluja! Hy's die oneindige God.

65 Wanneer 'n skrynwerker gaan om 'n huis te bou, hoe maak hy? Lê eers al sy hout uit, hy het in sy gedagte net wat hy gaan bou. God het, voor die wêreld ooit was, 'n stukkie lewe daarop gehad, het Hy jou liggaam gehad wat net daar lê. As Hy nie het nie, waar het dit vandaan gekom? Dis waarom Hy dit gedraai het, en dit gerol het, en dit omgedraai het, Hy sou dit in *hierdie* rigting na die son toe hê en dit sou kalium maak, en Hy sou dit terugdraai na *hierdie* kant, en dit sou kalsium maak, Hy sou dit terugdraai na *hierdie* kant, dit sou petroleums maak. O, ere sy Sy Heilige Naam!

66 Waarvoor moet ons bang wees? Ons behoort die vryste en gelukkigste mense te wees wat daar is, op enige plek. En ons hoef nie daaroor te raai nie, God is in ons midde en bewys dit. Dis reg. En dis volgens Sy Woord en Sy Gees.

67 Nou laat ons dit neem, ons liggame, voor daar selfs was, die aarde klaar gevorm is, het ons liggame waarin ons nou lewe, op die aarde gelê, kalium, kalsium, petroleum, sovoorts.

68 Nou laat ons 'n klein prentjie neem sodat ons dit nie sal mis nie. En nadat die aarde gevorm was en alles daarvan net daar gelê het 'n—'n gebleikte woestyn, nooit lewe daarop gehad nie,

nooit niks was wat lewe genoem is nie, maar al die materiaal het daar gelê om ons liggame te maak. En ek kan God hoor sê vir die groot Heilige Gees: "Gaan nou uit en broei oor die aarde." Nou, ons weet die woord broei is "om te—om te moeder," soos die hen met haar kuikens, of—of te koer soos 'n duif wat roep na sy maat. "Gaan broei oor die aarde."

69 Nou, ons sal 'n—'n verbeelding hier moet gebruik om 'n drama te maak. Toe het die groot Heilige Gees uitgegaan, en Sy vlerke oor die aarde uitgesprei, en begin broei vir 'n doel. En dit was om iets voort te bring om te projekteer wat God was. Soos ek nou die aand gesê het: "Wie was eerste, 'n sondaar of 'n Verlosser?" Waaroor gaan dit alles, in elk geval? Wie was eerste, 'n—'n Geneser of siekte? Wel, sekerlik 'n Geneser.

70 Sê: "Wel, waarom het—waarom het ons dan ooit sondaars geword?"

71 Dit moes so wees. As God 'n Verlosser is, moes Hy iets gehad het om te red. So daar's niks verkeerd nie, dit werk net alles op Sy manier. Nou, ek nie, kon dit nie vir sondaars sê nie, ek sê dit vir predikers, sien, en kinders van God. Dit werk alles reg, maak nie saak wat ons doen, of nie doen nie, dit gaan reg uitkom, want wat God vooraf geken het, het Hy verordineer. Nou let op, dan soos dit ombeweeg, soos—soos dit is, kom dit reg uit, dis nie nodig dat ons bekommer nie, want dit gaan alles reg wees.

72 Nou, as God . . . As daar . . . As ons lig het, dag, wat as daar nooit enige nag was nie? Hoe sou jy geweet het wat dag was? Hoe kon dag . . . ? As jy nog nooit siek was nie, hoe sou jy weet hoe om gesondheid te geniet? As jy nog nooit verlore was nie, hoe sou jy weet om te geniet om gered te wees?

73 Wel, broer, eendag wanneer die, Jesus sal kom, en die opstanding wanneer God hierdie wêreld tot geregtigheid sal bring, en almal wat slaap in die stof van hierdie aarde sal opstaan in Sy Teenwoordigheid, en ons staan om hierdie aarde miljoene sterk, en sing verlossingsverhale, sal die Engele aan die buitekant vergader met geboë hoofde, sonder om te weet waarvan ons praat. Hulle was nie verlore nie, hulle weet nie wat dit beteken om gered te word nie; ons weet wat dit beteken om verlore te gaan, en om gered te word. Ons het 'n Vader.

74 Het julle ooit opgelet Jesus het gesê, toe Hy 'n duiwel uitgedryf het, het Hy dit met Sy vinger gedoen? Jesus het gesê: "As Ek duiwels uitdryf, die vinger van God, met die vinger van God . . . " Sien wat 'n duiwel vir Hom is, vir genesing? Dis net 'n klein dingetjie. Maar kyk, wanneer 'n—wanneer 'n skaap verlore is, wat het Hy gedoen? Hy het gegaan en die skaap gevind en dit op Sy skouers gesit.

75 Wat is die sterkste deel van die man? Sy rug en sy bene. Sien, die duiwel is niks vir Hom nie. Maar die skaap, Hy sit dit oor Sy skouers en hou sy voete vas, en Hy dra dit met die sterkte van Sy

liggaam totdat Hy dit terugkry by die kudde. God het Sy kinders lief.

76 Nou, hoe het Hy hulle gekry? Die Heilige Gees het uitgegaan en oor die aarde gebroei, en soos Hy begin broei, koer het, laat ons net sê, om die praatjie se onthalwe, Hy het gegaan, Hy het geroep, gekoer soos die aandduif toe sy sit, koer vir haar maat, en soos Hy begin koer het oor niks anders as 'n gebleikte woestyn van vulkaniese uitbarsting nie, kyk, wat daar teen die heuwel afkom, sien ek 'n bietjie kalium begin oorbeweeg saam met 'n bietjie kalsium. Dan let ek weer op, die vreemde ding, 'n bietjie vog en petroleum het begin saamloop, en reg onder 'n klein klippie het 'n klein, Paasblommetjie sy kop opgelig. Lewe het op die aarde gekom. En Hy skree en sê: "Kom, Vader, kyk hierna!"

God die Vader kyk daarna, en het gesê: "Dis baie mooi, hou net aan koer."

77 En Hy het gekoer, en die blomme het opgekom, en die gras het opgekom, en plantlewe, en bome het opgekom, en voëls het uit die aarde uitgevlieg, en uit die stof, en naderhand het die dierelewe opgekom, en Hy het aanhou koer, en 'n man het opgekom. Hy het wonderlik gelyk, maar hy was eensaam, hy het geen—geen hulpmaat gehad nie.

78 So om te sien dat . . . Ek wil hê hierdie moet nou goed vassit. God het nooit die vrou in die oorspronklike skepping geplaas nie, sy's 'n newe-produk van die man, man en vrou was een. 'n Vrou, in die begin het Hy die vrou uit Adam uitgehaal. En man en vrou is eintlik een, maar dit is gedoen om hulleself weer voort te plant, om hulle in vlees te sit. Maar Hy het die vroulike deel van die man geneem en 'n vrou daaruit gemaak.

79 Daarom wanneer 'n vrou probeer optree soos 'n man, aantrek soos 'n man, en praat soos 'n man, is sy uit haar plek uit. 'n Vrou is vroulik, minsaam, liefdevol, nie groot, en wat aangaan, en optree soos 'n man nie, wel, sy's nie veronderstel om te wees nie, en wanneer sy dit doen, is haar lewe verdraaid. Sy's minsaam, liefdevol, gaaf, waar Adam meer die sterk tipe is, want hy was die man, die manlike tipe, die vrou was vroulik, maar dis dieselfde gees, want Hy het haar uit Adam uitgeneem.

80 En let op, wanneer 'n man 'n vrou neem, en hy hierdie vrou in sy boesem inneem, ons is 'n gemengde gehoor, en hierdie vrou teen sy boesem vasdruk as sy liefling, sit sy haar afdruk op hom, 'n ander vrou daar sou dit vir altyd bederf, hulle is een, geen ander vrou behoort ooit in daardie vorm te pas nie. Jy het geen reg met jou arms om 'n vrou, dansvloer, of nêrens nie. Dis reg. Jy het 'n vrou, en jy het haar teen jou bors vasgedruk, en God het haar op jou hart gesit, en haar teen jou afgedruk, en sy's joune, en jy behoort aan haar.

81 En jy, vrou, om 'n ander man in jou arms te neem, jy het die vorm waaruit jy geneem is, geskend, onthou dit. Wanneer jy

optree soos 'n man, is jy uit jou plek uit. En wanneer die man ook begin verwyfd raak, en vertroetel en *dit*, *dat*, en die *ander*, is hy uit sy plek uit, hy's baas, hy's heerser. Nie . . . Nou, ek bedoel nie 'n vloermat nie, ek het net 'n heerser gesê, 'n hulpmaat. Nie om vroue rond te skop nie, hulle is nie . . .

82 Maar die Bybel het gesê, God het in die skepping gesê: "Jy . . . sal oor jou heers." Nie om 'n baas te wees nie, maar om 'n hulpmaat te wees, deel van jou. Sy's minsaam, en gaaf, en sag, jy behoort haar liefdevol rond te lei, want sy's deel van jou. Jy haar begin mishandel, dan mishandel jy jouself, en 'n man by sy verstand sal dit nie doen nie. Goed.

83 So let nou op, maar toe hy hierdie man gesien het, watter spesie hy was! Ek glo nie een of ander groot, prehistoriese dier nie, ek glo hy was 'n mens, net soos God gesê het hy was. En ek glo nie dat Eva iets was soos . . . Ek het eenkeer in 'n—'n museum in Griekeland gestaan en een of ander beroemde skildery gesien wat, van Eva en Adam. En daar was Adam, en hare, goeiste, en uit sy neus soos daardie, en Eva was, o, so 'n verskriklike skepsel, een been groter as die ander, en voet wat ver buite aan die kant sit, en haar tande het soos *hierdie* gesit. As dit sou wees wat Adam eerste gesien het: 'n man wat so 'n vrou sou waardeer!

84 Wat was dit? Dis 'n karaktertrek, dis waarom . . . Waarom kom mense nie na Christus toe van die begin af wanneer hy besef hy's 'n sondaar nie? Hy kruip nog altyd weg in die bosse, en God roep nog altyd. Wys wat hy in die begin gedoen het, dis waarvan hy gemaak is, 'n lafaard om mee te begin.

85 Nou, maar Eva was pragtig, sy was baie mooi. Adam was net 'n gewone man, sterk, groot spiere, lang hare om sy nek. Kom ons sê Eva was . . .

86 Hulle was albei nakend, hulle het geen sonde geken nie. En hulle, die eerste dag het hulle daar gesit, en Adam het na haar gekyk, en hy het gesê: "Wel, sy's vlees van my vlees en been van my been." Hoekom? Sy is uit hom uitgeneem, sy was deel van hom. Nie in die oorspronklike skepping nie, dit was verby, maar Hy het geneem uit, om te wys dat hulle een is.

87 En wat van troue en egskeiding vandag onder Pinkstermense? Dan leer ons: "O, ons glo jy moet weer gebore word." Sien julle waarby ek uitkom? As julle dit glo, laat ons dan so lewe, laat ons voortbring waarvan ons praat. Omdat ons ons gedagtes op die kerk hou, en op *hierdie* organisasie, op *hierdie* groep, en *hierdie* vrou, *daardie* man . . . Haal jou gedagtes van hulle af, hulle sal faal, vestig jou gedagte op Christus, op Sy Woord, dan kan Dit nie faal nie. Laat Hom jou Voorbeeld wees, geen mens nie.

88 Baiekeer gaan hierdie mense deur die land wat Goddelike genesers genoem word, mense begin hulle as 'n voorbeeld neem, jy beter jou gedagtes van hulle afkry. Dis reg. Hou julle gedagtes

op Christus, Hy's die Een om julle gedagtes op te hou, nie op julle pastoor nie. Hê julle pastoor lief en respekteer hom, hy's 'n eerbare man, 'n man van God, verseker, maar hou julle gedagtes op Christus en julle liefde op Christus gevestig, respekteer hom net vir wat hy is, as 'n eerwaarde, want hy verteenwoordig God vir julle.

89 Nou maar, dan sal ons hulle oplet, hoe minsaam en liefdevol hulle was. En nou, ek sê haar oë het gelyk soos die sterre wat skyn, so blou as wat hulle kon wees, en hulle soos, net gevonkel. Sy moes mooi gewees het, en Adam het na haar gekyk, wel, dit was liefde met die eerste oogopslag. 'n Operasie is gedoen, en sy is uit sy sy gehaal.

90 En hy moes haar aan die hand geneem het, en ons sou dit sê, gesê het: "Kom ons neem 'n klein wandelinkie, skat." Dit was Mnr. en Mev. julle, jare gelede. En ons het 'n klein wandelinkie geneem, en hulle het afgegaan deur die—die tuin, en voor jy jou kom kry, het daar 'n wrede brul uit die oerwoud uitgekom. Wie was dit? Dit was Leo die leeu. Sy kon nie bang word nie, was niks aan haar om bang te maak nie, sy het volmaakte liefde gehad, en liefde dryf die vrees uit. En hy, Adam het gesê: "Kom hier, Leo. Eva, jy het dit nog nooit ontmoet nie. Hierdie, ek het hom genoem, die leeu, ek het alles hier name gegee." En hy het hom agter die nek gekrap, en hy het gemiaau soos 'n katjie en hulle gevolg.

91 Sheetah die tier het uitgekom, en hulle, al die diere het hulle gevolg. En naderhand het Adam gesê: "O, Skat, weet jy wat? Dis amper aand, ons beter kerk toe gaan." Dit was die eerste Adam en Eva, soos jy hulle nageslag vandag is.

92 Nie: "Ons moet na die padkafee toe gaan. Ons moet bunco gaan speel," nie. "Ons moet gaan aanbid wanneer die son ondergaan." Hulle het nie na 'n mooi groot kerk toe gegaan wat versier is met mahoniehout en—en 'n honderdduisend dollar orrel daarin nie, hulle het opgegaan in die woude in, die bome.

93 En miskien, dat die Logos wat uit God uitgegaan het, laat ons sê Dit was in die vorm van 'n Vuurkolom, 'n Ligkring, ek kan Dit net sien hang in die bosse daar oorkant, en die strale Daarvan wat afgeskyn het toe Adam en Eva voor die Skepper gekniel het om te aanbid. En ek kan 'n Stem Daaruit hoor kom en sê: "Het My kinders hulle verblyf geniet vandag op die aarde, wat die Here julle God vir julle gegee het?"

"Ja, Vader, dit was wonderlik."

94 Sien, hulle is tasbaar, hulle kan aanraak, hulle kan eet, hulle kan liefhê, en hulle, wel, hulle is—hulle is werklik. Hulle is nie gees nie, hulle is—hulle is—hulle is—hulle is iets tasbaars. Die mens sal . . . God het Engele gemaak, maar Hy het jou nooit een gemaak nie, jy sal nooit een wees nie. En al hierdie hier: "Bruin-oog engel wag vir my." Dis 'n leuen van die duiwel. Maar jou

vrou, sy's nog altyd jou vrou. Wat God . . . "Wat julle op aarde saamgevoeg het, sal Ek in die Hemel saamvoeg. Wat julle op aarde bind, sal Ek in die Hemel bind." Niks sal skei wat God doen nie, kan nie.

95 Daar was sy toe, 'n vrou. En hulle het gesê: "Ja, Here, ons het onsself so geniet vandag op die aarde, wat die Here Hulle God vir ons gegee het. En ons het U lief, Vader." Hulle aanbid. Natuurlik: "Nou lê ek my neer om te slaap . . . " En Adam het sy groot arm uitgestrek, en Eva het haar pragtige, klein koppie op sy arm gelê, soos jy het, moeder met pa, jare gelede.

96 En sodra hulle aan die slaap geraak het, het Hy Leo die leeu *hier* neergelê, en Sheetah die tier, *hier*onder, en Hy het hulle almal neergelê, God het, om Sy skepping te laat rus.

97 En toe het die Hemelse leërskare uitgekom, ek kan vir Gabriël sien naderstap en sê, kyk na Adam, en sê: "U weet, Vader, hy lyk net soos U."

98 Hoeveel keer het ek en my vrou na die bed van klein Joseph toe gegaan, gisteraand selfs, en sy het gesê: "Billy, jy weet sy voorkop is hoog, dis soos joune."

En ek het gesê: "Maar sy oë is groot soos joune."

99 Hoekom? Hy behoort soos ons te lyk, hy's die nageslag van ons eenwording. En die mens behoort soos God te lyk, want hy is na Sy beeld gemaak, sekerlik.

100 "Vader, hy lyk net soos U. Kyk na sy lippe en sy oë." Natuurlik het die Vader na Sy kinders gekyk, hoe liefdevol was dit, om nooit siek te wees nie, nooit te sterf nie, nooit 'n hartseer te hê nie, nooit 'n bekommernis te hê nie. Was dit nie wonderlik nie? Moeder het nooit oud geword nie, pa sou ook nie, nooit enige grys hare wees nie, geen plooie in die gesig nie, altyd mooi en liefdevol wees vir altyd.

101 Toe het sonde ingekom, en sonde het die prentjie bederf, maar sonde kan nie die doel van God stop nie, God sal nie verslaan word nie. So toe, omdat sonde ingekom het, het die vrou die mens voortgebring, wat sekondêr was, 'n verdraaide manier, God het hom nooit geskape uit die stof van die aarde met Sy Eie hande nie, maar die vrou moes dit bring, deur seks.

102 Wat het toe gebeur? Waar maak ons ons liggame? Uit die stof van die aarde. Daardie kalsium, daardie hout, daardie kalium, wat God gehad het om uit te lê, word steeds gebruik. Eendag sal die laaste deeltjie daarvan gebruik word, dis reg, die houthoop sal wegkwyn. Maar God maak steeds die mens uit die stof van die aarde. En jy kom op hierdie aarde sonder om enige rede te hê, enige manier wat jy, glad geen manier wat jy gehad het om jouself hiernatoe te bring nie, God het jou hiernatoe gebring.

103 Dan as sonde dit bederf het, en God kan nie verslaan word nie, kom mense dan op die aarde op 'n verdraaide manier, maar

steeds word God se hout opgebruik, die kalium, kalsium en goed waaruit Hy ons dit laat eet . . . "En deur jou . . . Bewerk die grond, en deur die sweet van jou aangesig, sal jy jou lewe maak." Maar die mens het net presies dieselfde gekom, net presies. God het steeds Sy doel in Sy gedagte.

104 Nou wat gebeur? As die Heilige Gees my en jou gebring het op hierdie aarde vanmôre, of ek en jy, liewer, op hierdie aarde en ons gemaak het wat ons is sonder om enige keuse te hê . . . Ons kom wat ons is sonder om 'n keuse te hê. As Hy my gemaak het wat ek is sonder om 'n keuse te hê, en tog is ek na God se beeld gemaak en voortgebring, tog deur 'n sondige daad wat God toegelaat het om gedoen te word, 'n verdraaide daad deur die heilige huwelik van my vader en my moeder, en ek het op hierdie aarde gekom, en ek is wat ek op my beste is deur God se genade, en sonder om enige keuse te hê, hoeveel te meer kan Hy my opwek in die laaste dae as ek 'n keuse maak?

105 Nou, die Heilige Gees het nooit die aarde verlaat nie, Dis nog steeds op die aarde, en Dit broei oor die aarde: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, al julle materiale wat gebou is na die beeld van God," koer, roep, trek.

106 En as die Heilige Gees beweeg, en ons terugkom en sê: "Ja, grote God, U het my gemaak, en ek het U lief, en U is my Skepper, en ek is sondig, en ek is skaam daaroor," dan plaas Hy die Ewige Lewe binne-in my. Dan as Hy my die Ewige Lewe gegee het deur terug te antwoord op Sy roep, en my gemaak het wat ek is sonder om 'n keuse te hê, hoe sal, veel meer kan Hy my opwek nadat ek 'n keuse gemaak het en gevul is met die Heilige Gees? Die Heilige Gees is God se Eie Lewe, en jy kan net so min daardie Lewe verloor as wat God Homself kan verloor. Die Woord kom van die Griekse woord *Zoe*: "Ek gee aan hulle die Ewige Lewe."

107 Enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde, dis daardie dinge wat nie 'n begin het nie, wat 'n einde het. Het julle al ooit daaraan gedink? God die groot Meester Reënboog in die lug, ons sal so sê, met die sewe Geeste van God: rooi, volmaakte liefde, daarna kom phileo liefde, van 'n Agapao na 'n phileo liefde. Dis die liefde wat jy vir jou vrou het. As 'n man haar sou beledig, sou jy sy brein uitblaas, sien, want dit skep 'n jaloesie, maar dis phileo liefde, sekondêre liefde. Dan kom wellus vir 'n ander man se vrou, dan kom vuilheid. Sien? Dit word net verdraai.

108 Maar al hierdie soort liefde het 'n begin gehad, maar wanneer daardie ware, egte liefde van God, waarvan ek gepraat het, in die menslike wese inkom deur die nuwe geboorte, om weer gebore te word, het dit geen begin gehad nie en sal dit geen einde hê nie, dan is jy 'n seun van God en 'n dogter van God, en jou begeertes is vir dinge van Bo. Phileo liefde sal jou 'n man laat skiet omdat hy jou vrou beledig het; Agapao liefde sal jou laat bid vir sy verlore siel, dis die verskil.

109 So jy moet weer gebore word. As daardie . . . as enige . . . as net vriendskap liefde: "O, ek behoort aan die Gemeentes," sal ek sê: "en jy behoort aan die Kerk van God, meneer," dit sê, en ek sê: "o, sekerlik, ons het wonderlike vriendskap, gemeenskap." Dis nog nie dit nie. Ek weet ons is interdenominasioneel hier vanmôre, maar broers, hierdie is nie die volle antwoord nie. Hierdie is die antwoord vir vriendskap en gemeenskap, maar wat van God? Sien wat ek bedoel?

110 Agapao liefde is verskillend van phileo liefde. Phileo liefde is wat, ons bymekaar kom, die saak uitmaak, en sê: "Ja, ons is broers," dis goed, skud jou hand, sekerlik. "Wel, ek's interdenominasioneel," sekerlik, voëls van eenderse vere, dis wat ons behoort te wees, ek hou daarvan, dis goed, julle het 'n goeie punt hier, maar dis nie alles daarvan nie, broer. Ons moet iets daarin hê wat ons trek van alles op die aarde af na daardie Skepper daar oorkant, na daardie Een Wat ons die Ewige Lewe gee, wat hierdie kalsium en kalium insit. Maak nie saak hoe oud dit word, hoe geplooi dit raak, hoe verdroog dit raak, of hoe siek dit raak nie, God ken elke ons daarvan, Hy het dit op Sy skale geweeg voor die grondlegging van die aarde, en ek is net hierin geplaas om 'n besluit te neem, en ek het my besluit geneem vir Christus, en daar's nie . . . al die duiwels van die hel kan my nie keer om opgewek te word in die laaste dag en na Sy beeld gemaak te word nie.

111 Maar sonder daardie Ewige lewe, hierdie gemeenskaplewe, dit sal vervaag, dit het 'n begin gehad, dit sal 'n einde hê, maar met Ewige Lewe, kan dit net so min sterf as wat Ewigheid self kan. En wat is Ewigheid? 'n Volmaakte sirkel wat geen einde het nie, net wentel om ditse- . . . Hy dit begin het om dit te laat lê na *hierdie* kant, sou dit deur die tafel gaan, deur die vloer, deur die aarde, dis nog steeds 'n volmaakte sirkel. En God het geen begin gehad of geen einde gehad nie.

112 En wanneer Hy daardie Gees in ons sit, in hierdie vlees wat Hy uit die aarde uitgebroei het, en ons phileo liefde 'n punt bereik het waar dit oorheers word deur Agapao liefde, dan het ons Ewige Lewe in hierdie kalsium en kalium wat gevoed en gebroei is uit die aarde, en hoeveel te meer kan die God Wat dit gemaak het, dit weer opwek? Daarom moet jy weer gebore word.

113 Gesit by 'n ontbyt hier nie lank gelede nie, net twee predikers, ekself en 'n Metodiste prediker, nie ontbyt nie, dit was 'n middagetetjie, ons het bietjie roomys saam geëet, en die 4-H klub van Kentucky het gewys dat hulle, op die radioprogram, dat—dat hulle 'n masjientjie vervolmaak het wat mieliepitte kon maak net presies soos jy in die veld kweek, gesê neem een sak wat in die veld gekweek het, en die ander een wat deur die masjien gemaak is, sit hulle bymekaar, jy kan nie die een van die ander onderskei nie. Kry vir hulle 'n handvol uit elkeen, meng hulle deurmekaar, daar's geen manier om dit ooit weer te onderskei nie. Sien?

114 Hulle maak dieselfde mieliebrood, dit sal dieselfde vet maak, dit sal dieselfde graanvlokkies maak, dit het dieselfde hoeveelheid kalium, kalsium, en alles wat daarin gaan, alles is reg daarbinne, selfs die kiem van die korrel, die vel aan die buitekant, net perfek. Selfs in die laboratorium, kan jy hulle nie uitmekaar sny en die verskil sien nie. Die enigste manier wat hulle gesê het jy hulle ooit sou uitken, was om hulle te plant. Ere sy die Naam van die Here!

115 Maak nie saak hoe werklik dit lyk nie, broer, dit moet daardie aanraking van God daar hê, Ewige Lewe. En die een wat God—God laat groei het in die veld en Self gemaak het, kom weer op, die een wat die mens gemaak het, maak nie saak. . . So ons mensgemaakte organisasies, mensgemaakte godsdiens is steeds vyeblare van die tuin van Eden af, dit sal nooit werk totdat die mens weer gebore is deur die Gees van God en Ewige Lewe in hulle het nie.

116 Predikervriende, ek neem te veel van julle tyd, maar ek wil dit sê voor ek vertrek, dit by julle los, as julle broer, een wat julle liefhet, onthou nou net hierdie opmerking voor ons vertrek: Nie lank gelede nie, was daar 'n groot man, 'n meester, jong kêrel. En o, hoe hy kon speel! Hy het net die wêreld met sy musiek verower en hy was 'n groot kunstenaar daarvan. So, een aand het hy baie duisende mense in 'n sekere nasie, Engeland, vermaak. En hulle was so verstom, tot die groot meesters oral. En die mense was, nadat hy sy konsert gespeel het, of, sy musiek, het hulle geskree, en hulle hande geklap, en wild tekere gegaan. Maar hulle het opgelet die jongman het geen aandag gegee aan hulle applous nie, bly opkyk.

117 En hulle het geskree, en, o, net aangegaan so hard as wat hulle kon om hulle te laat. . . hom te laat weet dat hulle sy—sy musiek waardeer het, dat hy 'n genie was. Maar hy het bly opkyk, en hulle het gewonder waarna hy gekyk het. Maar ver bo in die boonste balkon, het die ou meesterleermeester daar opgeklim, hy het sy oë gehou op, om te wonder wat die meesterleermeester daarvan sou sê, hy het nie omgegee wat hulle gesê het nie, dis wat die leermeester gesê het, die ou meesterleermeester.

118 Predikers van die Evangelie, laat ons nie na hierdie groot veldtogte en applous van die mense oplet nie, hou julle oë op die Meester, want Hy's die enigste Een Wat ons in daardie dag kan opwek.

Kom ons bid.

119 Vader God, hierdie kru, opmerkinkies wat uit 'n senuweeagtige persoon kom, maar ek bid, God, dat dit op 'n manier in die dieptes van my broers en susters se hart sal ingaan, dat hulle sal besef, dit maak geen verskil of hulle dink ons moet *hierdie* televisieprogram hê, of *dit*, *dat* of die *ander* nie, laat ons ons oë op die Meester hou.

120 Onthou, om weer gebore te wees, is om daardie uitermatige liefde te hê, en te weet dat ons oorgegaan het uit die dood na die Lewe. Ons het die oorvloedige Lewe, en die oorvloedige Lewe is daardie oorlopende *iets* wat God in die menslike wese plaas.

121 En laat ons as predikers vanmôre, soos ons hier vergader het vir hierdie byeenkomsie, laat ons ons gedagtes hou op die Meester, in die wete dat Hy die enigste Een is Wat die Heilige Gees kan uitstuur om te broei in daardie dag. Wanneer hierdie groot waterstofbom die aarde sal tref en sy weer sal terug wees na 'n gebleikte woestyn, sal God weer opnuut begin, en dit sal kom met daardie mense wat 'n besluit geneem het. Hulle liggame sal hier lê, niks behalwe terug na kalium en kalsium, petroleum nie, maar die God van die Hemel, Wat hulle gees geneem het, kan hulle terugsit soos hulle was.

122 En hierdie is net 'n skaduwee van die negatief van die—van die foto wat eendag ontwikkel sal word wanneer Jesus kom, dan sal ons Hom sien soos Hy is en sal ons ken soos ons geken word. Tot dan, hou ons getroue dienaars wat opkyk. In Jesus' Naam. Amen.

123 Ek's so jammer dat ek soveel van julle tyd geneem het, en dis alreeds halftien, omtrent. En ek sê baie dankie. Ek sal onmiddellik huis toe gaan, en gereed maak vir gebed en vir die siekes vanaand. God seën julle.

58-0619B Jy Moet Weer Gebore Word
Onbekend
Greenville, Suid-Carolina V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org